

Med. Geref. Gemeente Kroonstad-Oos



NAGMAAL

Mei 2018

“Laat die liefde van God heers”

Uitnodiging na die nagmaal – 20 Mei 2018

Die Nagmaal is 'n geleentheid waar gelowiges die kans kry om hulle verhouding met Christus te versterk. Dit is 'n geleentheid waar gelowiges op 'n praktiese manier kan reflekteer oor wat die Here Jesus Christus vir hulle gedoen het en dan hulself opnuut weer toe wy aan Hom.

In 1 Korintiërs 11:23b-25 lees ons die volgende oor die Nagmaal:

“Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.” Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom”.

(1 Kor. 11:23b-25)

Wanneer ons die nagmaal gebruik sê Paulus vir ons - verkondig ons die lewe en die dood van ons Here Jesus. Dit beteken dat elke gelowige die geleentheid kry om vir die wêreld te wys wat Jesus se lewe en dood vir hulle beteken het en om op 'n aktuele manier te getuig oor die reddende werk van Christus. Omdat die nagmaal so 'n belangrike deel van enige gelowige se geestelike lewe is, doen ons moeite by Kroonstad-Oos om hierdie geleentheid op 'n gereelde basis saam te vier. Die nagmaal van die 20e Mei is die derde keer hierdie jaar waar Kroonstad-Oos alle lidmate uitnooi om hulself opnuut aan die Here te wei.

Hierdie nagmaalsgeleentheid is verder baie besonders omdat dit op Pinkster Sondag (die dag waar die Gees uitgestort is oor alle gelowiges) gevier word en op hierdie dag kom sê ons vir die Here dankie dat Hy Sy Gees vir elke gelowige gegee het. Ons dink terug aan die gebeure in Handeling 1 en kyk met nuwe verwagting uit na die dag waar ons gees ook met Christus verenig word. Kom ons doen moeite om hierdie geleentheid by te woon en kom ons nooi ook alle mense uit wat ons ken om opnuut gevul te word met die Heilige Gees.